# 276. EWIGE ROTS, GEKLIEF VIR MY

```
    A             D         A
1.  Ewige Rots, geklief vir my,
                  E      A
    laat my veilig in U bly!
             E     E7        A
    Laat die water en die bloed
          E      E7      A
    uit U sy, as lewensvloed,
                     D        A
    my tot heil wees en tot krag
                     E        A
    teen die sondeskuld en mag!

    A             D           A
2.  Wat kan ek ooit bring of doen
                   E      A
    om my sonde te versoen?
             E       E7      A
    Sou my hart van ywer gloei,
             E    E7     A
    sou my trane ewig vloei –
                  D       A
    nòg gebede nòg geween
                     E     A
    kan my red, net; U alleen!

    A          D           A
3.  Ledig en met skuld belas,
                     E         A
    klem ek aan U vloekhout vas;
             E       E7       A
    nakend kom ek kleding vra,
                E       E7       A
    hulp'loos smeek ek om gena;
                    D       A
    vuil soek ek U heilsfontein,
                        E        A
    was my, Heiland, maak my rein!

    A             D              A
4.  Gaan my lewenslamp eens uit,
                  E      A
    as die dood my oë sluit;
           E     E7        A
    as ek uit die wêreld gaan,
               E      E7         A
    eenmaal voor U wit troon staan –
                     D      A
    Ewige Rots, geklief vir my,
                  E     A
    laat my veilig in U bly!
```